

**22 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 51:1-52:12 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 51:9-11 en 52:7**

### **Die Here se pad na verlossing**

“Ontwaak, ontwaak, beklee u met sterkte, arm van die Here!” Eers word die Here só opgeroep tot die stryd. Dan word God se verlossingsdade van die verlede geprys: “Is dit nie u wat die see, die waters van die groot wêreldvloed drooggemaak het nie, wat van die dieptes van die see ’n pad gemaak het vir die deurtog van die verlostes nie?” Op grond hiervan word Jerusalem opgeroep om met vreugde op die Here se pad van verlossing te juig. “Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die Here die beker van sy grimmigheid gedrink het...” “So sê jou Here, die HERE, en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand...” “Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad!”

Is jy “wakker” vir die feit dat jy verlos en vergewe is? Juig dit in jou lewe? Kyk, die Here stuur vandag nog boodskappers met goeie nuus na jou toe (52:7). Boodskappers wat vertel dat jy nou vrede met God het! Verseker is alles nog nie volmaak nie. Baie “herstelwerk” is nog nodig. In Jerusalem jubel en juig die puinhope (52:9). Gaan, luister na wat God se boodskappers sê. Proe en beleef God se vrede in jou lewe. Word wakker, jubel en juig!

*Sing: Psalm 78:6*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*